

gedigte is immers in Holland geskryf. In haar vorige bundels het sy vir ons die verskillende stadia van haar ontluiking tot vrou, moeder en mens beskryf. Die diep persoonlike van die nuwe gedigte val mens veral op.

Wat moet ek oor Van Wyk Louw se Tristia sê? Ek sal eerlik wees. Moet elke nuwe werk wat deur 'n groot digter geskryf word nou noodwendig 'n meesterstuk wees? Dit sou uiters interessant wees om 'n groepie dweepers oor hierdie nuwe digbundel bymekaar te kry en van hulle te verneem, in eenvoudige, verstaanbare taal, net waaroor hulle nou eintlik dweep. Die boek is met die C.N.A.-prys vir die beste werk in Afrikaans in 1962 bekroon.

Ek noem die uitstekende vertalings van Afrikaanse gedigte in Engels hier omdat die redakteurs, dr. A.P. Grové en C.J.D. Harvey, nie net vir Engelssprekendes geslaagde vertalings van die werk van meeste van ons digters gegee het nie maar ook 'n besonder keurige versameling gedigte vir ons Afrikaners byeengebring het. Die boek is pragtig gedruk. Mens moet weer die vrygewigheid van Rembrandt Korporasie bewonder. In die verlede het hy dr. Van Rensburg se vertaling van die Ilias vir ons beskikbaar gestel. Nou bring hy ons Engelssprekendes op hoogte van ons eie digters se werk.

Ons kwynende toneel gaan nie juis vars lewe en besieling put uit Bartho Smit se nuwe drama nie. Die neiging tot wreedheid wat in sy vorige werk reeds merkbaar was, het nou feitlik hande uitgeruk. Ek vrees gehore wat nie uit ingeligtes bestaan nie gaan hierdie stuk met histeriese gelag begroet. Ek dink hier aan die toneel in die pastorie waar die dominee en die Lolitaagtige Maria mekaar met sitate uit die Hooglied van Salomo bestook. Daar is natuurlik diepe simboliek vir die leser wat daarna wil soek maar wat my betref, kan die verborge simboliek maar saam met die vader tussen die wurms en die doodsbendere in die sloot begrawe bly.

A. Wegelin het met sy boek oor die harmonieleer beslis aan 'n groot behoefte by ons musiekstudente voorsien en Susan du

Preez se boek oor viltwerk met sy talle ontwerpe, sal seker lank die toonaangewende boek op gebied van hierdie kunsvlyt bly.

Geen romans van die afgelope jare het groter opspraak verwek as Andre Brinken Etienne le Roux se nuwe werke nie. Albei verg ook ontsaglik baie van die leser.

Vir my was Le Roux se boek beslis beter as dié van Brink, miskien omdat eersgenoemde al klaar met die taal en styl in sy Die Mugu ge-eksperimenteer het. Sober en oortuigend vertel hy vir ons 'n nagmerrieagtige fantasie wat feitlik alle fasette van ons hedendaagse dekadente lewe vir ons uitbeeld. En hy vind dit nooit nodig om ons belangstelling te prikkel met die soort verwysings en woorde waaraan Brink hom skuldig maak nie. Mens vind hulle óf vulgêr óf skokkend, na gelang jou kennis van die moderne Engelse roman se taal meer of minder uitgebreid is. Volgens Brink self het verskeie kritici al verklaar dat daar niks aanstootlik in die boek is nie en baie mense sal seker met hulle saamstem. Dit het egter vir my gelyk asof die lesers wat so gretig na die boek gevra het, meer belang gestel het in die "stoute" beskrywings as in die tragiese van die verhaal self.

Dat 'n roman lesers kan boei met 'n raak en simpatieke beeld van die lewe sonder om nou juis in die troebel waters van die onbewuste rond te dobbel, word treffend bewys deur die nuwe romans deur twee van ons beste skryfsters van hierdie genre, Elise Muller en Dot Serfontein. Hulle beskryf albei vir ons die lotgevalle van families op die platteland waar daar vir onbesonne of onkonvensionele dade swaar geboet moet word. Dot Serfontein se verhaal van die jong dominee wat met sy gemeentelede bots as hy verlief raak op een van drie susters wat uitgestoot word omdat hulle vader sonder sedes was, gryp mens sommer van die staanspoor af aan. Net soos Elise Muller in Die wilde Loot ('n prag van 'n boek) skilder Dot Serfontein met mensekennis en deernis vir ons die kleindorpslewe met al sy nougesetheid, afguns en geskinder. Die twee romans is van die beste wat skryfsters ons nog gegee het.